TRADISIONELE RYPERD HANDLEIDING: 3-GANG, 5-GANG & VERTOONPERD

TRADITIONAL RIDING HORSE MANUAL: 3-GAITED, 5-GAITED & SHOW HORSE

Verw. Algemene Skoupraktyk & Etiket / Kleredrag
Ref. General Show Practice & Eitquette / Dress Code

	INHOUD	INDEX
1	SKOUKLASSE	SHOW CLASSES
2	ALGEMENE TOERUSTING VAN DIE PERD	TACK
2.1	TOOMS, STANGE & TRENSE	BRIDLES & BITS
3	BEWEGING VAN DIE 3- & 5-GANG PERD	MOVEMENT OF THE 3- & 5 GAITED HORSE
3.1	TRADISIONELE GANGE & KRITERIA	TRADITIONAL GAITS & CRITERIA
4	POSISIE VAN DIE RUITER	POSITION OF THE RIDER
4.1	ALGEMENE POSTUUR	GENERAL POSTURE
5	ALGEMENE BEOORDELAARSKRITERIA	GENERAL JUDGING CRITERIA
6	TRADISIONELE 3-GANG	TRADITIONAL 3-GAITED
6.1	SKOUKLASSE	SHOW CLASSES
6.1.1	Beoordelaarskriteria vir Tradisionele 3-gang Ryperd	Judging criteria for Traditional 3-gaited Riding
6.1.2	Beoordelingsprosedures vir Tradisionele 3-gang Ryperd	Judging procedures for Traditional 3-gaited Riding
6.1.3	Beoordelingsprosedures vir Tradisionele 3-gang Plesierperd	Judging criteria for Traditional 3-gaited Pleasure Horse
7	TRADISIONELE 5-GANG	TRADITIONAL 5 – GAITED
7.1	SKOUKLASSE	SHOW CLASSES
7.1.1	Beoordelaarskriteria vir Tradisionele 5-gang Ryperd	Judging criteria for Traditional 5-gaited Riding
7.1.2	Beoordelingsprosedures vir Tradisionele 5-gang Ryperd	Judging procedures for Traditional 5 gaited Riding
8	3-GANG VERTOONPERD	3-GAITED SHOW HORSE
8.1	SKOUKLASSE	SHOW CLASSES
8.1.1	Rystyl	Riding Style
8.1.2	Beoordelaarskriteria vir Vertoonperd	Judging criteria for Show Horse
8.1.3	Beoordelingsprosedures vir Vertoonperd	Judging procedures for Show Horse

1. SKOUKLASSE / SHOW CLASSES

Die skouklasse bestaan uit die volgende afdelinge en word afsonderlik by elkeen genoem. Daar word geen kruisinskrywing tussen die afdelings toegelaat nie.

- Tradisionele 3-Gang Klasse / *Traditional 3-Gaited Classes*
- Tradisionele 5-Gang Klasse / *Traditional 5-Gaited Classes*
- 3 Gang Vertoonperd Klasse / 3 Gaited Show Horse Classes

2. ALGEMENE TOERUSTING VAN DIE PERD / GENERAL *EQUIPMENT OF THE RIDER*

2.1 TOOMS, STANGE EN TRENSE

Stange en trense moet van standaard fabrikaat wees. Gebit mag slegs vervaardig wees van Vleklose staal, nikkel, gedeeltelik koper, vulkaniet, nylon of rubber. Enige vorm van ombouing en verandering van standaard trense en stange sal is ontoelaatbaar.

Slegs die volgende drie tooms word toegelaat:

✓ Dubbel toom met stang, skelmtrens, kenketting, lipbandjie en gewone neusband.
✓ Enkel toom met ’n stang, kenketting, lipbandjie, dubbelteuels en gewone neusband.
✓ Enkel toom met ’n trens en gewone neusband.

Toelaatbare Neusbande:

✓ “Dropped” neusband
✓ “Grackle / Mexican” neusband
✓ “Flash”.

2.1.1 Dubbel toom met stang, skelmtrens, kenketting, lipbandjie en gewone neusband. (“Caveson”)

Toelaatbare stange

✓ Stange met geboë mondstukke
✓ Stange met reguit wang- en teuelbalke
✓ Stange met glyende mondstuk (*Weymouth*)

Vereistes t.o.v. stange

✓ Stange moet voorsien wees van ’n kenketting, (sonder of met ’n rubber of leer omhulsel) en ’n lipbandjie.
✓ Die minimum dikte van die mondstuk van stange is **10mm.**
✓ Die maksimum lengte van die teuelbalk (vanaf die mondstuk tot waar die teuel vasheg) is **12cm.**
✓ Die diepte van die tonggroef mag nie **30mm** oorskry nie.
✓ Alle hoeke en kante van die stang moet afgerond en veilig wees.
× Enige toevoegings tot die stang, behalwe ’n kenketting, lipbandjie of spons is ontoelaatbaar.

As die dubbeltoom korrek pas, sal die skelmtrens in die hoek van die bek sit, een velvou maak en die stang sal net onder/voor die trens rus en nie bo-op mekaar sit nie.

Vereistes t.o.v. skelmtrense

Die minimum toelaatbare dikte van ’n skelmtrens is 6mm.

- ⇢ Gewone skelmtrens met een stel los ringe en een skakel in die mondstuk.
- ⇢ Skelmtrens met skarniere. (“Egg-butt”).
- ⇢ Skelmtrens met wangstukke.
- ⇢ Die mondstuk moet afgerond wees.
- ⇢ Alleenlik standaard vervaardigde skelmtrense is toelaatbaar.
  - × Skelmtrense wat van gedraaide dun metaal of wat met koperdraad of soortgelyke metale omgedraai is, met ’n ketting of rollers, kantig of gekartelde mondstukke of Detensies is ontoelaatbaar.

2.1.2 Enkeltoom met ’n stang, kenketting, lipbandjie en gewone neusband. (“Cavesson”)

Toelaatbare stange

- ✓ 'n Stang met dubbel teuels (“Pelham”) met kenketting en lipbandjie.
- ✓ Variasies van hierdie stang bv. met glyende of los mondstuk. (“Mullen mouth”) is die mees algemeenste.
- ✓ Stange met 'n reguit mondstuk.
- ✓ Stange met 'n tonggroef.
- ✓ Stange met 'n skakel in die mondstuk.

Vereistes t.o.v. stange:

- ⇢ Maksimum lengte van die teuelbalk (vanaf die mondstuk tot waar die stangteuel vasheg) is 12cm
- ⇢ Die diepte van die tonggroef mag nie 30mm oorskry nie.
- ⇢ Alle hoeke en kante van die stang moet afgerond en veilig wees.
- ⇢ Enige ander toevoegings tot die stang, behalwe 'n kenketting, lipbandjie of spons is ontoelaatbaar.
- ⇢ 'n Enkel teuel met teuelverbindings (“rein connectors”)mag net deur kinders 0/15 gebruik word.
- ⇢ Juniors en volwassenes mag hierdie stange net met dubbelteuels gebruik.
- ⇢ Slegs 'n gewone neusband ('Cavesson”) mag by hierdie toom gebruik word.

2.1.3 Enkeltoom met 'n trens en neusband

Toelaatbare trense

- ✓ D-Trens
- ✓ Trens met skarniere (“Egg-butt”)
- ✓ Duitse trens met los ringe (“German snaffle” of ”Eliptical link snaffle”)
- ✓ Franse trens met dubbel skakel (“French link snaffle”)
- ✓ Rubber of nylon trense (“Happy mouth”)
  - × Trense met wangstukke en tuigtrense is **ontoelaatbaar**.

Alle variasies van enkel- of dubbel skakel trense en trense met rollers, se skakels en rollers moet binne die dimensies en vlak van die hele mondstuk en met afgeronde oppervlaktes wees.

Die gebruik van enige ander soort toom bv. “Hackamore”, “Gag”, “Western”, ens. is ontoelaatbaar
Enige gebit wat beserings veroorsaak sal tot diskwalifisering lei.

VOORBEELDE VAN TOELAATBARE STANGE, TRENSE & SKELMTRENSE
EXAMPLES OF SNAFFLES, PELHAMS & BRADOONS

LOS RING TRENSE / *LOOSE RING SNAFFLES:*

Jointed loose ring Snaffle

Loose ring snaffle with a French link

Loose ring snaffle with elliptical link

Waterford "Ball Mouth" loose ring snaffle

EGGBUTT" TRENSE/SNAFFLES:

Jointed Egg butt Snaffle

Eggbutt snaffle with an elliptical link

Eggbutt snaffle with a French link

Jointed D ring Snaffle

Myers Dee Bit

Rubber covered D-ring snaffle

Half cheek snaffle

Hang cheek jointed snaffle

Hang check snaffke with elliptical link

Hang cheek snaffle with a French link

Waterford "Ball Mouth" hang cheek snaffle

Standard curved bar jointed snaffle

STANGE / *PELHAMS:*

Double jointed pelham

Medium ported pelham

Mullen mouth pelham

Flexible hard rubber Pelham

Jointed Rubber Pelham

Jointer "Happy Mouth" Pelham

Jointed Pelham

Mullen Mouth Pelham

Rugby Pelham

LOS DELE AAN DIE STANG / LOOSE *ATTACHMENTS ON THE PELHAM:*

Rein Connectors
(only Children under 15)

Curb chain

Lip Strap

Gel curb chain guard

Rubber curb chain guard

Leather curb chain

SKELMTRENSE (Dubbeltoom) / *BRADOONS (Doube Bridle)*:

Weymouth Set

Loose ring bradoon

German type solid mouth bradoon

Jointed overcheck bradoon

Overcheck bradoon

Nylon / Rubber overcheck bradoon

Weaymouth bradoon

Snall ring eggbutt French link bradoon

Small ring eggbutt jointed bradoon

3. BEWEGING VAN DIE 3 & 5-GANG PERD

Die rasstandaarde van die SA Boerperd stel die volgende vereistes aan sy beweging, ongeag die gang waarin hy beweeg:

> **"Matige hoër, lang veerkragtige tree wat grond dek. Agter bene wat goed onder die lyf inwerk en gewig van die voorkwart wegneem. Al vier bene moet spoor met ander woorde, reguit vorentoe beweeg wanneer van agter of van voor gesien."**

Hierdie omskrywing vorm die basis vir die afrigting, vertoning en beoordeling van die Tradisionele Drie- en Vyfgang SA Boerperd.

3.1 TRADISIONELE GANGE- & KRITERIA / *TRADITIONAL GAITS & CRITERIA*

3.1.1 Stap

- ✓ Stap is 'n duidelike 4-slag maat.
- ✓ Perd moet met lang veeragtige tree beweeg
- ✓ Agterkwart moet aktief wees en met agterhoewe op of oor die voorhoef-spore trap.
- ✓ Perd moet flink en vloeiend vorentoe stap met ewe lang tree. (ritmies)
- ✓ Nek hoog en geboë.
- ✓ Kop in 'n vertikale lyn.

- ✓ Perd moet lig bly in die voorkwart en sag en die ruiter se hande wees.
- ✓ SA Boerperde moet goed kan stap.
- ✓ Let op na ritme, impulsie en balans. (RIB)
- ✓ Perd moet lewendig lyk en gereed wees vir die volgende gang.
- ✓ Perd se ore moet na vore wys.

Foute & diskriminasies:

- × Perd dek nie grond nie.
- × Perd konsentreer nie.
- × Perd wat gespanne is en tree wat te kort en/of onreëlmatig is.
- × Perd wat drafstap of pas d.w.s. nie meer 'n 4-slag maat nie.
- × Perd wat kontak vermy met die kop te hoog of te laag en nie met 'n stil kop stap nie.
- × Kop word skeef gedra.
- × Perd se kopprofiel is te ver voor of agter die vertikaal.
- × Met te lang teuels stap en sodoende styl prysgee.
- × Nie aktief genoeg in die agterlyf nie, trap dus nie diep genoeg met sy agterbene nie.
- × Ritme, impulsie en balans (RIB) is versteur.
- × Spoor nie en/of stap skeef.
- × Perd lyk verveeld en ore hang.

3.1.2 Draf

- ✓ Dit is 'n diagonale beweging met 'n 2-slag maat.
- ✓ Hoë lang veerkragtige tree wat grond dek.
- ✓ Die agterterhoewe trap duidelik op of oor die voorhoef spore.
- ✓ Die nek word hoog en die skouer vry gedra.
- ✓ Die kop se profiel moet vertikaal wees.
- ✓ Die kop moet stil wees.
- ✓ Hakke word goed beset en beweeg energiek en veerkragtig.
- ✓ Die perd se rug moet soepel wees en die stert behoort op te lig en liggies heen en weer te swaai.
- ✓ Let op na ritme, impulsie en balans.

Foute & diskriminasies:

- × Perd se kop is nie vertikaal nie.
- × Perd lê in die ruiter se hande (op die voorhand) of hol nek.
- × Kop en nek is skeef.
- × Beweeg nie reguit vorentoe nie. (Spoor nie.)
- × RIB is foutief.
- × Aankap en raak trap (balans versteur).
- × Te vinnig draf en styl verloor.
- × Kort tree met hoë knie aksie.
- × Hakke wat agterbly
- × Nie van agter oor die voorhoef spoor trap nie.
- × Agterbene word oopgemaak.
- × Deurslaan na ander gange.
- × Swak transisies.

Kommentaar:

- ⇢ Daar kan maklik te min waarde aan 'n vyfgang perd se draf geheg word.

3.1.3 Galop

- ✓ Dit het 'n 3-slag maat.
- ✓ Die galop by driegang perde is effens meer gekollekteer, daarom sal die perd se raamwerk korter vertoon alhoewel geen aksie en krag ingeboet word nie.
- ✓ Die galop behoort vry, aktief en reëlmatig te wees.
- ✓ Die perd moet reguit galop d.w.s. spoor.
- ✓ Die nek moet hoog en geboë wees met die kop 'n bietjie voor die vertikaal.
- ✓ Meeste van die gewig word op die agterbene gedra, voorlyf lig en ore belangstellend na voor.
- ✓ Die transisie na 'n galop en terug moet glad en reguit wees sonder 'n eerste groot galop tree.
- ✓ Alhoewel verkies word dat perde in tradisionele klasse vanuit 'n stap galop en direk uit die galop weer stap, is dit 'n hoogs geskoolde beweging en sal dit nie 'n vereiste wees nie. In sterk kompetisie mag dit as maatstaf dien.
- ✓ Ritme, impulsie en balans moet steeds behou word.

Foute:

- × 4-Slag maat galop as gevolg van swak skoling, styfheid of te min impulsie.
- × Oorkruis of koei-galop – dit is wanneer die perd of sy voor- of agterbene verander in die galop as gevolg van die ruiter wat ongebalanseerd in die saal sit, bv. die perd lei met die regterbeen maar die ruiter se gewig is na links verplaas.
- × Perd spoor nie want die agterkwart word na binne of buite gegooi en galop dan nie reguit nie.
- × Ruiter wat sy gewig gooi in die rigting waarin die transisie verlang word of die perd skeef draai.
- × Perd wat nie genoeg grond dek nie.
- × Nie genoeg veerkrag nie.
- × Galop treë te lank bv. by ongeskoolde, stywe jong perde.
- × RIB is versteur en slaan deur.
- × Perd se kop nie op of effe voor die vertikaal nie.
- × Perd gooi ruiter uit die saal (Wip).
- × Perd se kop is skeef.
- × Lê in die ruiter se hande en/of veg teen sy hande.
- × Perd is gespanne.
- × Perd lei met die verkeerde been.
- × Perd buite beheer en versteur ander.

Kommentaar:

- ⇢ Daar moet veral gelet word op die gemak waarmee die ruiter in die saal sit tydens die galop.
- ⇢ Die eweredigheid en gemak van transisies is ook van die uiterste belang.

3.1.4 Kortgang

- ✓ Dit is 'n stadige laterale ongelyke 4-slag ritme met 'n tussenpose tussen die laterale hoewe wanneer hulle die grond tref. Die agterhoef aan die een kant tref die grond 'n kort interval voor die voorhoef aan dieselfde kant, wat lei tot twee stelle van twee hoefslae elk, naamlik. 1-2---3-4.
- ✓ Dit is 'n lewendige en aanskoulike gang.
- ✓ Dit word gedoen onder die mees strawwe maar elastiese kolleksie.
- ✓ Baie windmakerig, maar stadig en gemaklik (ongeveer 8km per uur.)
- ✓ Hakke van perd gebuig met hoë voor aksie.

- ✓ Anders as die trippel, beweeg die agterbene nie diep onder die perd in nie.
- ✓ Sterk skouerbeweging en die skouer is vry en lig.
- ✓ Kop en nek word hoog gehou en die profiel is effe voor die vertikaal.
- ✓ Ore is lewendig en na voor.
- ✓ Die voorhoewe moet lyk asof hulle 'n oomblik in die lug hang voordat hulle weer afwaarts beweeg.
- ✓ Die romp van die perd is hoër voor as agter, d.w.s. die perd “sit” effe.

Foute:

- × Die perd doen ’n stadige trippel
- × Die perd pas
- × Nek hol en neus in die lug.
- × Galop met agterbene.
- × Slaan deur na ’n ander gang.
- × Die perd ry skeef.
- × Te stadig.
- × Perd bied weerstand teen die ruiter se hande.

3.1.5 Trippel

- ✓ Dit is 'n vinnige 4-slag laterale beweging met 'n gelykmatige ritme, naamlik 1-2-3-4.
- ✓ Diagonale hoewe tref die grond amper gelyk.
- ✓ Vier hoefslae moet afsonderlik gehoor word.
- ✓ Profiel van perd se kop effe voor die vertikaal.
- ✓ Die nek buig net agter die ore.
- ✓ Dek baie grond sonder om vorm en styl te verloor.
- ✓ Sterk skouerbeweging.
- ✓ Agterbene beweeg diep onder die perd in.
- ✓ Voorbeen aksie is hoog.
- ✓ Spoed, gemak en styl is belangrik.
- ✓ Vertoon na beide kante toe.

Foute:

- × Perd breek deur
- × Perd verloor styl (word plat).
- × Hakke bly agter.
- × Bene maak agter oop.
- × Spoor nie.
- × Perd se neus na vore met kop in die lug.
- × Verloor kolleksie.
- × Ongebalanseerd.
- × Galop agter omdat perd te hard gedryf word.
- × Perd pas en gang is nie suiwer nie.
- × Perd se nek is hol.
- × Wonde en bloed aan bene en bek.

3.1.6 Halt

- ✓ Die perd moet lig in die hande wees met die nek geboë en kop hoog gedurende die halt asook wanneer uit 'n halt gestap word.
- ✓ Perd moet sy gewig oor al vier sy bene reg onder hom versprei – vierkantig staan.
- ✓ Sy aandag moet heeltyd by sy ruiter wees en wag vir die volgende opdrag. Kop moet bietjie voor die vertikaal wees.
- ✓ Die halt is 'n beweging en moet gery word.

Foute:

- × Perd staan nie vierkantig nie.
- × Perd staan gestrek.
- × Perd bied weerstand met sy bek, kop en nek.
- × Perd kyk rond, trap rond of beweeg na voor of agter.
- × Perd laat een been rus.
- × Perd konsentreer nie.

Kommentaar:

- ⇢ Die halt is 'n goeie aanduiding van die vlak van skoling van 'n perd.
- ⇢ Wanneer die perd uit die halt beweeg (tru of vorentoe) moet dit gehoorsaam, reguit, op die senterlyn en met 'n vertikale kop profiel geskied.

4. DIE POSISIE VAN DIE RUITER

Die elegansie en kundigheid waarmee die ruiter drie-en vyfgang perde vertoon sal bydra tot die geheelbeeld van die perd in al sy gange. Swak ruiterkuns benadeel dus die perd se prestasie.

4.1 ALGEMENE POSTUUR

Die klassieke dresseer posisie is gebaseer is op 'n vertikale lyn, naamlik, die ruiter se ore, skouer, heupgewrig en agterkant van die hak wat so na as moontlik aan 'n reguit lyn moet wees.

- Die ruiter se voorarm en trensteuel moet 'n reguit lyn vorm.
- Die ruiter se hande, knieë en tone behoort byna 'n reguit lyn te vorm.
- Kop moet regop wees met ken horisontaal sonder om ken te laat sak of vorentoe te stoot.
- Ruiter moet trots maar gemaklik en ontspanne lyk.
- In die korrekte posisie, skuif die swaartekrag na agter sodat die perd lig in die ruiter se hande is.
- Perd en ruiter moet 'n eenheid word.

4.1.1 Stap

- ✓ Ruiter beweeg in die ritme saam met die perd met stil bolyf en heupe gelyk.
- ✓ Sagte, stil en ferm hande.
- ✓ Bene en sitvlak beset die agterkwart.
- ✓ Die ruiter se bene behoort die perd ritmies en alternatiewelik aan te moedig om sy treë lank en kragtig te hou.
- ✓ Die perd moet “tussen die ruiter se hande en bene” wees.

4.1.2 Draf

- ✓ Die ruiter moet saam met die perd beweeg en nie agterbly nie.
- ✓ Ruiter moet op beide diagonale draf en wel sodat hy altyd saam met die buite been op en af beweeg en ook verander indien van rigting verander word.
- ✓ Die ruiter behoort so min as moontlik op te stoot en wel sonder om 'n dubbelbons te maak.

4.1.3 Galop

- ✓ Ruiter moet grasieus saam beweeg en nie wip nie.
- ✓ Ruiter moet met sitvlak en bene die agterkwart goed beset en die perd vorentoe dryf in die gebit.
- ✓ Regop sit, opkyk en hande stil hou.
- ✓ Elmboë moet stil en teen die sye wees.

4.1.4 Kortgang

- ✓ Die ruiter moet diep in die saal sit.
- ✓ Die swaartekrag word na agter geskuif deur skoling en nie deur agtertoe te leun en aan die teuels te hang nie.
- ✓ Agterbene word goed in besit geneem deur die sitvlak en bene.
- ✓ Hande moet sag dog ferm en stil gehou word.

4.1.5 Trippel

- ✓ Ruiter sit stil en regop met ferm kontak sonder dat die perd in die ruiter se hande lê.
- ✓ Punt van swaartekrag is steeds na agter en die ruiter beset die agterkwart goed.
- ✓ Bene bly teen die saal en word nie na vore geskop nie.
- ✓ Ruiter leun nie terug en hang aan die teuels nie.

4.1.6 Halt

- ✓ Ruiter sit stil en regop.
- ✓ Die ruiter se hande word immobiel terwyl sy sitvlak en bene die perde se agterkwart in die halt dra.
  - × Dit is foutief om aan die teuels te trek.

5. ALGEMENE BEOORDELAARSKRITERIA

TIPE

- Simmetries afgerond.
- Gebalanseerd, wakker, van kwaliteit en adellik in voorkoms.

GESONDHEID

- Algemene gesondheid en kondisie van die perd gedurende die vertoning en daarna.
- Na afloop van ’n klas, moet bene geïnspekteer word vir beserings.
- Bloed aan die perd se bek sal tot eliminasie lei.

GEDURENDE BEOORDELING

- Gebalanseerde vertoning van alle gange.
- Korrekte tipe aksie en korrekte spoed, veerkrag van die gange.
- Houding en styl van die kop en nek.
- Algehele houding en lewenslus.
- Konformasie en kwaliteit.
- Kondisie, versorging en sprankel.
- Stamina en vermoë om te volhard in gange.
- Krag en lewenslus na die vertoning.

Klem sal gelê word op positiewe beoordeling eerder as analisering van foute. Die volgende kan versoek word na die beoordelaars se diskresie:

Her-rit (Re-ride)

Indien beoordelaars na verloop van al die gange in die eerste rigting van beoordeling van 'n spesifieke klas probleme sou ondervind met voldoende evaluering, mag 'n her-rit aangevra word. Wanneer 'n her-rit versoek word, steek die beoordelaar sy hand in die lug om aan te dui dat 'n her-rit versoek word.

In geval van meer as een beoordelaar, moet die meerderheid (2 uit 3) aandui dat hulle die versoek steun.
In die geval van een beoordelaar word dit outomaties toegestaan.
Deelnemers word dadelik daarvan verwittig, sodra dit toegestaan word.

Dit is belangrik dat die ruiters tydens die klas oor die her-rit ingelig sal word om sodoende sy/haar perd so te ry, dat die perd genoeg stamina vir die her-rit en her-beoordeling te kan behou.

Moontlike redes vir die versoek van 'n her-rit:

- Beoordelaar kon nie al die perde sien nie;
- Die klas is te groot.

Wanneer die her-rit begin, word alle vorige beoordelings geskrap en 'n nuwe beoordeling van die hele klas begin.

Uit-ry (Workout)

'n Uit-ry kan deur 'n beoordelaar versoek word aan die einde van 'n klas, wanneer die perde reeds in lyn staan indien hy/sy dit nodig ag om seker maak oor 'n finale plasing. Die perde en ruiters wat daaraan sal deelneem, se nommer word uitgeroep. Die spesifieke gang(e) & rigting word bepaal volgens die diskresie van die beoordelaar(s). Dit is nie noodwendig tussen die eerste twee plekke nie, maar kan vir enige posisies geld.

Die hele klas word nie herhaal nie.

6. TRADISIONELE 3 GANG

6.1 SKOU-KLASSE

Hierdie is die basiese 3-Gang Tradisionele ry-klasse sonder kombinasies. Sien **KLASLYS** verdere inligting t.o.v. kampioenskappe, outomatiese kampioenskappe & kruisinskrywings.

*The table below list the basic 3-Gaited Traditional riding classes, without combinations. See **CLASS LIST** for further information regarding championship qualifications, automatic championships & cross entries.*

3G TRADISIONELE RYPERD KLASSE GEKOPPEL AAN OUDERDOMME VAN PERDE (-5 & 5+) TRADITIONAL RIDING HORSE CLASSES LINKED TO THE HORSES' AGES (-5 & 5+)	3G TRADISIONEEL AAN OUDERDOMME VAN RUIERS GEKOPPEL 3G TRADITIONAL LINKED TO RIDERS' AGE
T 3G RYPERD HINGSTE / T 3G RIDING HORSE STALLIONS	T 3G RYPERD, RUITER 0/11 T 3G RIDING HORSE, RIDER 0/11
T 3G RYPERD MERRIES / T 3G RIDING HORSE MARES	T 3G RYPERD, RUITER 0/15 T 3G RIDING HORSE, RIDER U/15
T 3G RYPERD REUNS / T 3G RIDING HORSE GELDINGS	T 3G RYPERD, RUITER 0/19 T 3G RIDING HORSE, RIDER U/19
T 3G PLESIERPERD H/M/R T 3G PLEASURE HORSE S/M/G	T 3G MANS RYPERD, RUITER 19+ T 3G GENTLEMEN'S RIDING HORSE, RIDER 19+
T 3G DAMES of MANS RYPERD T 3G LADIES' or GENTLEMEN'S RIDING HORSE	T 3G DAMES RYPERD, RUITER 19+ T 3G LADIES' RIDING HORSE, RIDER 19+

6.1.1 Beoordelaarskriteria Vir Tradisionele 3 Gang / Judging Criteria For Traditional 3-Gaited

1	Konformasie & kwaliteit / *Conformation & Quality*
2	Vryheid van gebreke / *Soundness*
3	Beweging & balans in al drie gange / *Movement & balance in all three gaits*
4	Styl & houding / *Style & carriage*
5	Tipe / *Type*
6	Ryvermoë & stamina / *Rideability &stamina*
7	Skoling / *Schooling*
8	Ouderdom van perde & ruiters / *Age of horses & riders*

NOTAS / *NOTES:*

- Gebalanseerde vertoning van alle gange
- Korrekte tipe aksie en korrekte spoed en veerkrag
- 'n Gestrekte draf vir Ryperd kinders onder 15 jaar klasse is nie 'n vereiste nie maar mag gevra word volgens die diskresie van die beoordelaar en die standaard van die klas
- 'n Duidelike verskil tussen 'n werksdraf en 'n gestrekte draf is baie belangrik.
- Inspeksie van toerusting van die perd, uitrusting van die ruiter en die algemene kondisie en gesondheid van die perd, bene & bek van/en hoewe mag ook ondersoek word

- *Balanced performance through all gaits*
- *Correct type of action and correct speed and cadence*
- *An extended trot for Riding horses for children under 15 years classes is not compulsary but may be asked for at the discretion of the judge and according to the standard of the class.*
- *A clear difference between a working trot and an extended trot is important.*
- *Inspection of tack and riders turnout, general condition and health of the horse, legs & mouth*
- *Shoeing of/and hooves may also be inspected.*

6.1.2 Beoordelaarsprosedures: Tradisionele 3 gang Ryperd klasse

1	Gaan arena binne en sirkel anti-kloksgewys op 'n werksdraf / *Enter arena in a counter clockwise direction and proceed at a working trot*
2	Op bevel, gestrekte draf / *On command, extended trot*
3	Op bevel, werksdraf/ *On command, working trot*
4	Op bevel, stap/ *On command, walk*
5	Op bevel, galop uit die stap, 'n paar draf treë is toelaatbaar / *On command canter through the walk, a few trot strides is permissible*
6	Op bevel, stap / *On command, walk*
7	Op bevel verander van rigting teen die reëling, met die perd se kop na binnekant van die arena, en gaan voort op 'n werksdraf/ *On command, change direction against the rail, with the horses head to the inside of the arena, and proceed at a working trot*
8	Op bevel, gestrekte draf / *On command, extended trot*
9	Op bevel, werksdraf / *On command, working trot*
10	Op bevel, galop uit die stap, 'n paar draf treë is toelaatbaar / *On command canter through the walk, a few trot strides is permissible*
11	Op bevel, galop uit die stap / *On command, canter through the walk*
12	Op bevel, stap / On command, walk
13	Op bevel, kom perde in om op te lyn vir algemene inspeksie / *On command, horses will come in to line up for inspection*
14	Beoordelaars behou die reg om ’n uit-ry te vra wat 'n gestrekte draf mag insluit/ *Judges reserve the right to ask for a workout which may include a extended trot*
15	Op bevel, ontspan, deelnemer mag rond beweeg. *On command, relax, competitors may move around.*
16	Na aankondiging van plasings, sal perde 'n volle ere rondte, anti-kloksgewys, in 'n gestrekte draf die arena verlaat in volgorde van plasings/ *After announcement of placings, horses will complete a full round of honour, counter clockwise, in an extended trot leaving the arena in sequince to placings*

6.1.3. Beoordelingsprsedure: Tradisionele 3 Gang Plesierperd as onderafdeling van Tradisionele 3 Gang

1	Gaan arena binne en sirkel anti-kloksgewys op 'n **werksdraf** *Enter arena in a counter clockwise direction and proceed at a **working trot***
2	Op bevel, **stap met lang teuels** *On command, **walk with loose reins***
3	Op bevel, **galop**, 'n paar draf tree is toelaatbaar *On command, **canter**, a few trot strides are permissable*
4	Op bevel, **stap met teuels in een hand**. *On command, **walk with reins in one hand.***
5	Op bevel, **draf.** *On command, **trot.***
6	Op bevel, **verander rigting oor die diagonal** *On command, **change direction across the diagonal***
7	Op bevel, **stap, neem teuels in albei hande.** *On command,**walk, take reins in both hands.***
8	Op bevel, **galop met lang teuls.** *On command, **canter with loose reins.***
9	Op bevel, **stap.** *On command, **walk.***
10	Op bevel, kom perde in om op te lyn vir algemene inspeksie *On command, horses will come in to line up for inspection*
11	Op bevel, ontspan, deelnemers mag in die middel van die arena rond beweeg. *On command, relax, competitors may move around in the center of the arena*
12	Na aankondiging van plasings, sal perde 'n volle ere rondte, op 'n draf die arena verlaat in volgorde van plasings *After announcement of placings, horses will complete a full round of honour, at a trot leaving the arena in sequence of placing.*

7. TRADISIONELE 5-GANG

7.1 SKOUKLASSE

Hierdie is die basiese 5-Gang Tradisionele ry-klasse sonder kombinasies. Sien **KLASLYS** verdere inligting t.o.v. kampioenskappe, outomatiese kampioenskappe & kruisinskrywings.

*The table below list the basic 5-Gaited Traditional riding classes, without combinations. See **CLASS LIST** for further information regarding championship qualifications, automatic championships & cross entries.*

5G TRADISIONELE RYPERD KLASSES AAN OUDERDOM VAN PERDE GEKOPPEL: 0/6 & 6+ **5G TRADITIONAL CLASSES LINKED TO AGE OF HORSES: U/6 & 6+**
T 5G RYPERD HINGSTE T5G RIDING HORSE STALLIONS
T 5G RYPERD MERRIES T 5G RIDING HORSE MARES
T 5G RYPERD REUNS T RG RIDING HORSE GELDINGS
T 5G PLESIERPERD H/M/R T 5G PLEASURE HORSE S/M/G
T 5G MANS RYPERD, RUITER 19+ T 5G GENTLEMEN'S RIDING HORSE, RIDER 19+
T 5G DAMES RYPERD, RUITER 19+ T 5G LADIES' RIDING HORSE, RIDER 19+

5G TRADISIONELE KLASSE AAN RUITERS SE OUDERDOMME GEKOPPEL / **5G TRADITIONAL CLASSES LINKED TO AGE OF RIDERS**
T 5G JUNIOR RUITER 0/19 T 5G JUNIOR RIDER U/19
T 5G MANS RUITER 19+ T 5G GENTLEMENS' RIDIER 19+
T 5G RYPERD, RUITER 0/19 T 5G RIDING HORSE, RIDER U/19

7.1.1 Beoordelaarskriteria Vir Tradisionele 5 Gang / Judging Criteria For Traditional 5-Gaited

1	Konformasie & kwaliteit / *Conformation & Quality*
2	Vryheid van gebreke / *Soundness*
3	Beweging & balans in al vyf gange / *Movement & balance in all five gaites*
4	Styl & houding / *Style & carriage*
5	Tipe / *Type*
6	Ryvermoë & stamina / *Rideability &stamina*
7	Skooling / *Schooling*
8	Ouderdom van perde & ruiters / *Age of horses & riders*

NOTAS / *NOTES:*

- Alhoewel alle gange beoordeel word, dra die beoordeling van die kortgang en trippel meer gewig dra as die ander drie gange (stap, draf en galop) tydens 5-gang klasse.
- Die **vyf-gang perd** draf met langer en kragtiger treë as die driegang perd, met die gevolg dat alhoewel die draf vinniger is, die perd steeds styl moet behou.
- Gebalanseerde vertoning van alle gange
- Korrekte tipe aksie en korrekte spoed en veerkrag
- 'n Duidelike verskil tussen 'n kortgang en trippel is baie belangrik.
- Inspeksie van toerusting van die perd, uitrusting van die ruiter en die algemene kondisie en gesondheid van die perd, bene & bek van/en hoewe mag ook ondersoek word

- *Although all gaits are judged, the slow gait and rack is of utmost importance in 5 gaited classes before the walk, trot and canter.*
- *The 5 Gaited horse trots with a longer stride than the 3 Gaited horse, resulting in a higher speed trot.*
- *Balanced performance through all gaits*
- *Correct type of action and correct speed and cadence*
- *A clear difference between slow gait and rack trot is important.*
- *Inspection of tack and riders turnout, general*
- *condition and health of the horse, legs & mouth*
- *Shoeing of/and hooves may also be inspected.*

7.1.2 Beoordelingsprsedures vir die Tradisionele 5 Gang perd

1	Kom in op ‘n draf, (anti-kloksgewys, afhangende van die plasing van die baan) die arena binne en is dadelik onder beoordeling. *Enter the arena in a counter clockwise trot.*
2	Op bevel, stap. *On command, walk.*
3	Op bevel, gallop uit die stap. ‘n Paar draf treë voor die galop is toelaatbaar. *On command, canter out of the walk. A few trot strides are allowed.*
4	Op bevel, keer terug na ‘n stap. ‘n Paar draf tree voor die stap, is toelaatbaar. *On command, return to walk. A few trot strides are allowed.*
5	Op bevel, ‘n kortgang. Die aantal rondtes sal volgens die beoordelaar se diskresie bepaal word. *On command, slow gait. The number of rounds will be up to the judges’ discretion.*
6	Op bevel, ‘n trippel. Die aantal rondtes sal volgens die beoordelaar se diskresie bepaal word. *On command, rack. The number of rounds will be up to the judges’ discretion.*
7	Op bevel, ‘n stap. *On command, walk.*
8	Op bevel, vernader van rigting deur ‘n half-sirkel in die rigting van die binnekant van die arena. *On command, change rein by means of a small half circle in the direction of the inside of the arena.*
9	Op bevel, draf. *On command, trot.*
10	Op bevel, stap. *On command, walk.*
11	Op bevel, galop vanuit die stap. ‘n Paar draf treë voor die galop is toelaatbaar. *On command, canter out of the walk. A few trot strides are allowed.*
12	Op bevel, keer na ‘n stap. ‘n Paar draf treë voor die stap is toelaatbaar. *On command, return to walk. A few trot strides are allowed.*
13	Op bevel, kortgang. Die aantal rondtes sal volgens die beoordelaar se diskresie bepaal word. *On command, slow gait. The number of rounds will be up to the judges’ discretion.*
14	Op bevel, trippel. Die aantal rondtes sal volgens die beoordelaar se diskressie bepaal word. *On command, rack. The number of rounds will be up to the judges’ discretion.*
15	Op bevel, kom in lyn vir inspeksie van toerusting van die perd, uitrusting van die ruiter en die gesondheid van die perd se bene, bek en algemene kondisie. *On command, come in and line up for inspection of tack and turn out, soundness of the horse’s legs, mouth and general soundness.*
16	Beslaning van/en hoewe mag ook ondersoek word. *Shoeing of/and hooves may be inspected.*
17	Na aankondiging van die plasings, verlaat die wenners die arena in die oder van plasing op ‘n trippel, nadat ‘n volle ererondte gery is. *After the announcement of the placings, the winners leave the arena in the order of placings at a rack, after a full round of honour.*

8. VERTOONPERD / SHOW HORSE

8.1 SKOUKLASSE

Hierdie is die basiese VERTOONPERD klasse sonder kombinasies. Sien **KLASLYS** verdere inligting t.o.v. kampioenskappe, outomatiese kampioenskappe & kruisinskrywings.

*The table below list the basic SHOW HORSE classes, without combinations. See **CLASS LIST** for further information regarding championship qualifications, automatic championships & cross entries.*

3G VERTOONPERD KLASSE AAN DIE OUDERDOM VAN PERDE GEKOPPEL: 0/5 & 5+ **3G SHOW HORSE CLASSES LINKED TO HORSES; AGES: U/5 & 5+**
3G VERTOONPERD HINGSTE / 3G SHOW HORSE STALLIONS
3G VERTOONPERD MERRIES / 3G SHOW HORSE MARES
3G VERTOONPERD REUNS / 3G SHOW HORSE GELDINGS
3G VERTOONPERD H/M/R 3G SHOW HORSE S/M/G

3G VERTOONPERD RUITER KLASSE **3G SHOW HORSE RIDER CLASSES**
T 3G VERTOONPERD, RUITER 0/19 **T 3G VERTOONPERD, RIDER U/19**
T 3G VERTOONPERD, MANS RUITER 19+ **T 3G SHOW HORSE, GENTLEMEN'S RIDER 19+**
T 3G VERTOONPERD, DAMES RUITER 19+ **T 3G SHOW HORSE, LADIES' RIDER 19+**

8.1.1 Rystyl / *Riding style*

Van ruiters word verwag om verkieslik hier op ‘n terug gesnyde saal te ry, met die rystyl wat daarmee gepaard gaan.
It is required of all riders to preferably use a cut back saddle and to apply the riding style associated with the saddle.



8.1.2 Beoordelaarskriteria / *Judging Criteria*

1	Konformasie & kwaliteit / *Conformation & Quality*
2	Vryheid van gebreke / *Soundness*
3	Beweging & balans in al drie gange / *Movement & balance in all three gaites*
4	Styl & houding / *Style & carriage*
5	Tipe / *Type*
6	Ryvermoë & stamina (volhoubaarheid)/ *Rideability &stamina (perseverance)*
7	Skooling (discipline)/ *Schooling discipline)*
8	Ouderdom van perde & ruiters / *Age of horses & riders*

NOTAS / *NOTES:*

- Gebalanseerde vertoning van alle gange
- Hoë tipe knie aksie teen 'n matige tot vinnige spoed en veerkrag Perd moet nie weerstand bied teen ruiter opdragte nie
- Perd moenie oorvertoon word nie
- Inspeksie van toerusting van die perd, uitrusting van die ruiter en die algemene kondisie en gesondheid van die perd, bene & bek van/en hoewe mag ook ondersoek word
- Geen gestrekte draf word gevra nie.

- *Balanced performance through all gaits*
- *Correct type of high knee action and moderate to faster speed and cadence*
- *The horst must not have resistance against the riders commands*
- *Inspection of tack and riders turnout, general condition and health of the horse, legs & mouth*
- *Shoeing of/and hooves may also be inspected.*
- *No extended trot will be asked.*
- *Horses should not be over-ridden.*

8.1.3 Beoordelaarsprosedures / *Judging procedures*

1	Gaan arena binne en sirkel anti-kloksgewys op 'n pronkdraf / *Enter arena in a counter clockwise direction and proceed at a show trot*
2	Op bevel, stap/ *On command, walk*
3	Op bevel, galop uit die stap, 'n paar draf treë is toelaatbaar / *On command canter through the walk, a few trot strides is permissible*
4	Op bevel, stap / *On command, walk*
5	Op bevel verander van rigting teen die reëling, met die perd se kop na binnekant van die arena, en gaan voort op 'n werksdraf/ *On command, change direction against the rail, with the horses head to the inside of the arena, and proceed at a working trot*
6	Op bevel, stap / On command, walk
7	Op bevel, galop uit die stap, 'n paar draf treë is toelaatbaar / *On command canter through the walk, a few trot strides is permissible*
8	Op bevel, stap. 'n Paar tree draf is toelaatbaat *On command, walk. A few trot strides are permissible.*
9	Op bevel, kom perde in om op te lyn vir algemene inspeksie / *On command, horses will come in to line up for inspection*
10	Op bevel, ontspan. Deelnemers mag rond beweeg. *On command, relax. Competitors may move around.*
11	Na aankondiging van plasings, sal perde 'n volle ere rondte, anti-kloksgewys, in 'n gestrekte draf die arena verlaat in volgorde van plasings/ *After announcement of placings, horses will complete a full round of honour, counter clockwise, in an extended trot leaving the arena in sequince to placings*